

Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 3 Deel 110

VRYDAG - 25 JANUARIE 2019

www.heilbronherald.co.za

R5-00 (BTW ingesluit)



**VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!**



Meer lammers is die toekoms

Boere – voorsieners van voedsel vir die land se bevolking – is voor die keuse van “adapt or die”.

Toestande hetsy die weer, ekonomie, politiek, ens. het verander en boere moet aanpas sou hulle wil oorleef. Die aanpassing is nie net ter wille van oorlewing nie, maar ook winsgedrewe.

Mnr Bom Louw, Vrystaatse streeksbestuurder van die Nasionale Wolkwekevereniging het Woensdag die Windheuwel skaapbelangegroep op Hoogte toegelig oor die lamhokstelsel wat skaapboere (veral wolboere) kan toepas om hul produksie te verhoog en verliese te bekamp.

Volgens Louw sal elke skaapboer stelselmatig die stap moet neem, veral met materiaal wat ongebruik op sy plaas rondlê. Mettertyd kan hy oorskakel na 'n volledig toegeruste lamhokkiestelsel.

Die belegging in 'n moderne onderdak stelsel wat volledig toegerus is kan tot R1 500 000 beloop, het Louw gesê. Begin klein en bou daaraan, is sy raad.

Die voordele wat die hokkiestelsel inhou is o.a. genetiese beheer, lamvrektes uitskakel en tweelinglammers gedrewe. Hy het gesê dat daar boere is wat tot 'n 200 persent lampersentasie behaal deur die stelsel te gebruik.

Die lamhokstelsel het Louw benadruk is nie 'n voerkraal nie, maar slegs 'n hok waar 'n ooi en haar lammers oorbrug totdat die twee “geheg” het.

Die groot gevaar is dat die voerkostes, sou hulle te lank daar vertoef veral in die geval van enkellammers, die winsgewendheid kan oorskry. Die hoofdoel is om tweelinglammers met hul ooi te heg.

Louw bied op Dinsdag, 26 Februarie vanaf 09:00 tot 13:00 'n volledige kursus oor die lamhokstelsel aan by die Heilbron Golfklub en alle skaapboere word uitgenooi om die jongste ontwikkeling met statistiek by te woon. Die inligtingskursus is gratis.

Om reëlings te vergemaklik kan belang-



Die NWKV het Woensdag die vierde module - die lamhokstelsel - aan skaapboere voorgehou as metode om winsgewendheid te verhoog. Die kursus is deur die Windheuwel skaapbelangegroep aangebied. Van die kursusgangers is Gideon Malherbe, Werner Nel, Giffie Rautenbach, Frikkie le Roux, Faansie Pretorius, Johan Germishuys, Nollie Steyn, Nicolaas Bester, Bom Louw, Willem Bester, Jeff Roos en Lona Mentz.

stellendes hul name aanmeld by Frikkie le Roux (sel 072 285 9479).

Wees verseker u sal dit geniet en waardevolle inligting bekom.

Die reproduksiekursus behels ook alle aspekte van 'n winsgewende skaapboerdery. Die inligting is saamgestel deur ondersoek gedoen deur die NWKV.

Skuldiges uiteindelik vas

Gedurende 12 en 13 November 2016 het die veediewe toegeslaan op die plaas Villieria van Willem Bester. Die verdagtes het op vlug geslaan nadat hulle 13 skape gesteel het ter waarde van R20 800.

Hulle is deur die polisie voorgekeer, maar die vermeende skuldiges en die voertuig is laat gaan. Die polisieman se kollega het vermoed iets is nie pluis nie en die voorval gaan rapporteer. Verdere ondersoek is ingestel waarna twee verdagtes

gearrester is. Op 'n latere stadium is die polisieman wat op die toneel teenwoordig was ook vervolg en aangekla. Die saak het 'n goeie uiteinde gehad nadat die drie beskuldigdes Woensdag in die Heilbron streekshof skuldig bevind is. MC Moiketsie (40) is skuldig bevind op veediefstal en is vir drie jaar gevonnis waarvan een jaar opgeskort is, en hy is vir nog twee jaar gevonnis vir regsverdeling. MJ Dlamini (35) en PT Ramphadile (36) het elk drie jaar gevangenisstraf ontvang.

Polisiebrokkies

- Inwoners moet op die uitkyk wees vir verdagtes in woonbuurte, omdat huisinbrake nog steeds besig is om toe te neem. Gee die nodige inligting aan die polisie deur indien onraad vermoed word. Dit is belangrik dat veiligheidsmaatreëls in plek moet wees om diere te beveilig. Veediefstal getalle wek groot kommer.

- Persone wat met gesteelde eiendomme gevind word, sal streng deur die polisie vervolg word.

- Ses swaarvoertuigbande en -wiele is gedurende 20 en 21 Januarie vanaf voertuie gesteel. Diewe kom met hulle eie gereedskap om die taak maklik en effektief te kan verrig. Die voorval het gebeur terwyl die swaarvoertuie geparkeer was waar die drywers oornag het. Verskillende tipes bande is dieselfde naweek uit 'n stoor in Ringerstraat gesteel. Die diewe het toegang tot die stoor verkry deur 'n venster. Geen vingerafdrukke of leidrade is gevind nie. Kontak die polisie indien daar inligting is wat die saak kan bevorder.

Groothandel in:

- boute
- skroewe
- moere
- wassers
- silicone (soudal)
- ketting

en vele meer!

Enige grootte
Enige lengte
Enige hoeveelheid

Vir 'n gratis kwotasie en advies, skakel Francois by
066 293 4826 of e-pos:
dcfasteners@gmail.com

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Elke Donderdag

te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en Inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwld Noord:
“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!”

APRIL 2019: Plek 220, Frankfort, 0830
Tel: 083 210 7135, 083 210 7137
E-pos: frankfort@bkb.co.za
Reg. No. 2005/028173/07

MAY 2019:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

terugblik



Mnr Dries en mev Marietjie Cilliers van Greenmanstraat 84, Heilbron, spog lekker met die wit platpitmielies wat hoër as hul huis groei (+4 meter). Hulle het al 'n paar kooksels geniet maar nog is dit die einde niet. In die blomtuin lê 'n geel pampoens (inlasfoto) met 'n 168cm omtrek. Hulle weet nie watter soort dit is nie, maar die jong pampoens lyk alte lekker.

					3		8	5
		1		2				
			5		7			
		4				1		
	9							
5							7	3
		2		1				
				4				9

SUDOKU
Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Skenk jou skryfbehoeftes

Maak 'n verskil

Dis Januarie en die skooltas is reeds netjies gepak, propvol nuwe skryfbehoeftes om die nuwe skooljaar aan te pak. Vir talle gesinne is hierdie tyd van die jaar egter 'n groot bekommernis wanneer kinders, sonder die nodige skryfbehoeftes, benoud en skaam skool toe moet gaan. Saam kan ons egter 'n verskil maak en seker maak elke leerder begin die jaar met groot opgewondenheid!

Office National loods 'n nasionale projek

waar skryfbehoeftes geskenk kan word aan minderbevoorregte leerders. Bring jou ou potloodsakkie met vergete penne, potlode en meer om jou bydrae te lewer. Donasies word ook verder beloon met groot pryse vir skole en leerders wat deelneem. Neem 'n foto van jou donasie en plaas dit op sosiale media met die #ONmystationerypledge merk. Herald Office National sien uit om saam met jou 'n verskil te maak! #ONmystationerypledge



KraperKlapperkerrie

BESTANDELE

- 4 middelgroot tot groot krappe
- 2 middelgroot uie, in klein blokkies gekap
- 2 blikkies tamaties, stukkend gedruk
- 400ml klappermelk
- 200ml gedroogte klapper
- 75ml olyfolie
- 4 knoffelhuisies, fyngekap
- 400ml volroommelk
- 30ml matige kerriepoeier
- Sout en swartpeper na smaak

METODE:

1. Voordat jy hierdie gereg kan begin kook, moet die krappe eers skoongemaak en voorberei word. As die krappe vuil en vol sand is, skrop die doppe met 'n borsel om die stukkies wat vassit te verwyder.
2. Draai die krap se bene af en sit dit eenkant neer. Om die krap se dop af te haal, hou die onderkant van die krap met een hand vas en trek die dop weg van die liggaam met die ander hand, begin by die agterkant.
3. Draai die krap om, trek aan die driehoekige deel en lig dit op. Draai die krap weer om, skraap die sponsrige kiewe aan elke kant versigtig met 'n lepel skoon en gooi die skraapsels weg. Maak ook seker dat jy die binnegoed weggooi wat in die middel van die rug afloop.
4. Haal die “krapbotter” - die geelbruin vleis in die holte van die skulp - uit en hou vir latere gebruik. As daar enige “krapbotter” in die vleiserige deel van die krap is, skraap dit met 'n lepel uit en hou eenkant saam met die res van die “botter”.
5. Spoel die res van die liggaam onder koue water af en gebruik 'n skerp mes om dit in die helfte te breek. Kraak die bene en kloue met die agterkant van 'n mes, maar moenie dit oopbreek nie, aangesien daar dan 'n klomp vleis tydens die kookproses verlore sal gaan.
6. Gebruik 'n groot swaarboomkastrol en soteer die uie in die olyfolie totdat dit sag en goudbruin is.
7. Voeg die knoffel by die uie en laat dit sag kook.
8. Voeg die geblikte tamaties by en laat prut oor lae hitte totdat die sous verdik het.
9. Druk die “krapbotter” wat jy eenkant gehou het fyn met 'n vurk en voeg by die tamatiebasis. Laat sowat twee minute lank prut.
10. Voeg die skoongemaakte krap by die sous en roer totdat al die stukke daarmee bedek is.
11. Meng die melk, klappermelk, kerriepoeier en gedroogte klapper in 'n groot mengbak voordat jy die mengsel in die kastrol gooi.
12. Bring dit tot kookpunt en verminder dan die hitte tot die mengsel saggies prut. Kook sowat 30 minute lank en roer die krap kort-kort.
13. As die krap eers sag is, toets of daar genoeg geurmiddels is en of die sous dik genoeg is. As dit te dun is, voeg eenvoudig nog van die gedroogte klapper by.
14. Sit die gereg voor met varsgebakte brode.



Office National

Butterfly

DONATE your old stationery & Stand a chance to **WIN** BIG PRIZES FOR YOU AND YOUR SCHOOL!

Simply donate your old school supplies to nearest Office National store.

Take a picture of your donation post it on social media using #ONmystationerypledge

Prize for school includes a Mobile Library valued at R10 000.

Prize for learner includes a Laptop, colour printer, laptop bag, desk, earphones, stationery and accessories valued at R10 000.

For more information and updates on the competition, follow our Facebook page: <https://officenational.co.za/Back-to-School-with-Office-National>

Bekende Heilbronner oorlede

Jeannette van der Merwe

26 April 1927 - 6 Januarie 2019

'n Bekende en beminde inwoner van Heilbron is op die ryp ouderdom van 91 jaar oorlede. Jeannette het die afgelope 11 maande in 'n tehuis om nader aan haar kinders te wees in Pretoria gebly.

Sy het haar in 1951 as jong bruid saam met Dr Chris van der Merwe in Heilbron gevestig. In haar 67 jaar in Heilbron het sy 'n groot bydrae gelewer in die gemeenskap. Wat uitgestaan het, was haar 25 jaar diens aan die vrouens van Phiritona waar sy sedert 1980 hulle in naaldwerk en ander vaardighede opgelei het, asook lewensopvoeding. Sy is vereer met verskeie toekennings vir haar gemeenskapsdiens en prestasies. Sy het as jong dame by die Vrystaat Vroue Landbou Unie aangesluit as aktiewe lid en het later ook as voorsitter die Heilbron-tak tot groot hoogtes gelei. Sy was vir 60 jaar lid van die VVLU en het dikwels as naaldwerk- en gebakbeoordelaar opgetree. Sy was 'n universiteits- en provinsialehokkiespeler (Ikeys, Westelike Provinsie en Transvaal kapteine). Sy het ook die Heilbron skoolhokkiespanne afgerig toe haar dogter, Rykie, op skool was en daar groot inspirasie gebring.

Tannie Jeannette se vrolike en positiewe geaardheid het uitgestaan, asook haar onwrikbare geloof in God. Sy word oorleef deur twee kinders, Dr Danie van der Merwe en Rykie Boeke met ses kleinkinders en drie agterkleinkinders.



Martin Mans besoek Suid-Afrika

Orrelfees. Uitvoering op 14 Februarie 18:30 te NG Kroonstad Oos, Hv Fleck en Marchall straat.

Die bekende Martin Mans van Nederland besoek SA in Februarie.

Die aand is propvol kunstenaars. Jan Elsenaar van Protea Orrelbouers, asook Isabel Kruger (orreliste by NG Oos), tree saam met Martin op.

Carlo Wright en Anthony Duffin is op trompet, terwyl Carla en Carel Steyn die fluite gaan speel.

Dewald Grobler (Bariton) van Potchefstroom tree ook by die geleetheid op.

Die aand het 'n verskeidenheid van musiek en sal verseker in elkeen se smaak val.

Die Kerk het 'n 3 Manuaal Cooper, Gill &

Tomkins orrel en liefhebbers van orrelmusiek sal nie teleurgesteld wees nie.

Werke van Bizet, Bach en Max Bruch (Sweedse komponis), asook verwerkings van Martin Mans en Jan Elsenaar sal op die program wees.

Jan Elsenaar en Isabel Kruger sal een van Jan se verwerkings van "Op berge en in Dale" saam op die orrel doen. Die aand word afgesluit wanneer al drie orrelistes saam agter die orrel inskuif en afsluit met "Zie ons wachten aan de stromen", gekomponeer deur Martin Mans.

Daar sal CD's te koop wees tydens pouse. Kaartjies is R100 pp.

Vir enige navrae kan die Kerkkantoor gekontak word by 056 212 1633.



Op die foto vl: Martin Mans van Nederland, Isabel Kruger (orreliste by NG Oos) en Jan Elsenaar van Protea Orrelbouers.

SPAR

JANUARY BUDGET BOOSTER

SPAR Rewards

Instant Savings

50% AFSLAG

OP JOU INKOPIES

VIR 20000

KLANTE

SPAR

EKSKLUSIEF VIR SPAR REWARDS-LEDE, SLUIT VANDAG NOG AAN. DIS GRATIS !

www.spar.co.za

Vind ons op

f

/myspar

SOOS OP TV

SPAR

FULL CREAM MILK

Long Life - UHT PROCESS

6 x 1 Litre

SPAR

Langlewe Volroom, 2% Lae Vet of Vetvrye Melk

6 x 1 liter

59⁹⁹

per pak

SOOS OP TV

Nescafé

Classic Koffie

(Geen Kafeien en Pakkie uitgesluit)

200 g

59⁹⁹

elk

SOOS OP TV

BOKOMO

ProNutro

WHEAT FREE

Chocolate Flavour

500 g

29⁹⁹

elk

SOOS OP TV

BOKOMO

ProNutro

WHOLE WHEAT

Original

500 g

11⁹⁹

per pak

Vir meer besonderhede:

www.spar.co.za

of in die winkel

Hobbelpaaie

Net voor Kersfees kondig die wonderlike vrou wat een keer per week ons wasgoed stryk aan dat sy eers weer in Januarie kom werk, want sy wil graag rus saam met haar familie.

Ek kry visioene van 'n deurme-kaar huis, vuil skottelgoed, ongestrykte wasgoed wat die wêreld vol lê en ek gril tot in my diepste wese. Ek het in Junie my 8 maande sonder 'n skoonmaker klaargekom. Totdat ek nie meer verder kon nie. Want ek moes die hele tyd keer dat niemand iewers iets vuil maak nie. **NIEMAND MAG LANK GENOEG STILGESTAAN HET NIE, ANDERS WAS HULLE AFGESTOF.**

Ek het in die aande die strykplank voor die TV staange-maak en gesorg dat my man en ons loseerder se klere gestryk word. Die beddegoed is net in noodgevalle gestryk, wanneer ek sien dat die kreukels regtig soos padkaarte lyk.

Toe stap Ennie in ons lewens in. Ek het haar telefoon-nommer en verwysing by die kerk gekry. Daar was 'n advertensie opgeplak. Ennie werk twee dae in die week by (soos sy dit noem) Apol. Dit het my lank geneem om agter te kom dat sy verwys na Apple, 'n eiendomsagent-skap baie kilometers van ons af.

Sy stryk soos 'n masjien. Sy raas met die honde en hulle mag nie binnenshuis wees nie. Sy maak vir haar regte poetoepap en wanneer ek hier is, maak sy genoeg vir ons altwee.

Sy lag as ek verskoning maak vir die deurmekaar huis. Sy maak die kombuisvloer blinkskoon. Sy sal uit eie inisiatief vensters was. Ek is so dankbaar vir haar.

Sy moet twee taxi's haal om betyds by ons aan te klop, nog voordat ons werk toe gaan. Sy is gewoonlik tussen 06:45 en 07:15 hier.

Aangesien sy toe wil vakansie hou, besluit ons om haar en haar kersgeskenke te gaan aflaai. Ons laai die bokse vol kersfeeskruideniers in my klein karretjie en daar gaan ons.

Ons besluit om nie die gewone stadsroete te ry soos al die taxis daardie tyd van die middag nie. Ons ry en ons ry en ons ry.

Soos wat ons nader aan Ennie se woonbuurt kom, navigeer sy ons soos 'n wafferse Dakar tydrenwenner. Links hier voor. Pasop, hier voor is 'n slagkat. Dan regs hier, gaan in die regterbaan. Wag totdat die taxi hier voor draai, moenie daar ry nie. Maak toe jou vensters. Is die kar gesluit? Jy moenie so jaag nie. Ry vinniger hier. Draai reg. Stopstopstop!

ONS IS LATER AAN DIE BUITEWYKE VAN DIE STAD, MAAR ENNIE NAVIGEER NOG.

Ons draai links. Grondpadlangs. Doer voor sien ons huisies van sink. Baie van hulle. Daar is geen pad om van te praat nie. Daar is wel slote en dongas waar vorige paaie kon wees. Orals langs die pad loop kinders met emmers vol water. Daar is geen water aangelê na hulle huise nie.

Ons kronkelpad op en op en op teen die kop. Daar loop ou tannies met groot pakkies wat hulle moeg-moeg dra. Ons het ongelukkig nie genoeg plek om hulle op te laai nie.



Ons ry teen ongeveer 10 km/h. As dit so vinnig is. My klein kar-retjie skraap sy pens nerfaf teen die klippers in die pad.

Die ding wat ons die “pad” noem, word al hoe smaller. Ek sidder om te dink wat sal gebeur indien daar 'n kar van voor moet kom. Ek trek sommer byvoorbaat my maag in.

EK VRA VIR ENNIE HOE ONS MOET MAAK AS ONS MOET PLEK MAAK VIR NOG IEMAND?

Sy sê ons moenie worry nie, want daar is nie karre wat hier-rond ry nie.

Orals groet Ennie vriendelik en skree uit die agterste sitplek. briek-briek met my voete, trap amper 'n duik in die kar se vloer.

Ons kom uiteindelik by die tweekamerhuisie aan. Aanmekaar getimmer met spykers en planke. Die sink-plate is aanmekaar geflans en daar is drie vensters.

Ennie neem my om die huis soos die trotse eienaar van 'n weelderige herehuis. Sy wys my waar die puttoilet is, maar maan my om nie daar in te gaan nie.

Sy wys my al die plantjies wat in die tuin is. Ek vra of daardie boompie 'n lukwart is? Nee, man, kan jy nie sien dit is 'n frangipani nie? Ek het 'n takkie gepluk en toe kweek ek hierdie mooi boompie, vertel Ennie trots.

Ons laai haar goedjies by haar voordeur af. Sy vra dat ons moet wag, want haar dogter het haar huisie se sleutel en sy wil vir ons wys hoe dit binnekant lyk. Ongelukkig het ons 'n ander afspraak wat ons moet nakom, maar ons staan vir 'n rukkie by haar op haar skoon stoepie.

Daar is 'n verlore kragdraad wat by haar voordeurgleuf uitsnorkel. Dit, vertel sy, is hulle sonkragpaneel. Maar sy kan dit nie bedags buite los nie, want anders gaan sy nooit weer daardie paneel sien nie.

Toe ons aanstalles maak om te loop, kom haar dogter doer ver aangestap. Met Ennie se kleindogter. Die klein-dogter ruk los en hardloop na haar ouma toe. Ouma gryp haar in die lug, en ek vat haar aan. Ek druk die klein kleuterlyfie teen my vas.

EN MY HART HUIL.

Want hierdie mense het nooit gekry wat hulle belowe is nie. Ennie sê dat haar naam al 5 jaar op die lys is vir 'n HOP-huisie. Maar sy bly nog in haar sinkpondokkie. Sy het geen elektrisiteit of lopende water nie.

Daar is nie paaie nie. Daar is stukkende puttoilette. Daar is geen infrastruktuur nie. Daar is stukkende busse wat nie loop as daar 'n staking is nie. En as die mensdom staak, verloor sy 'n dag se werk omdat sy stukwerk doen.

Waar is al die verkiesingsbeloftes? Waar is die verdrag dat “ons na ons mense sal kyk”?

Waarom het al die geld na staatskaping toe gegaan en ryk mense nog ryker gemaak? En die persoon wie aan die stuur was hiervan, lag nogsteeds en laat ander selfs vir hom 'n nuwe politieke party stig.

Wat van die Ennies van die wêreld? Wat van al die beloftes?

Sies, man, kry jy nie skaam nie??

Ons ry terug met die pad wat uitgekalwe is.

En ek huil in my hart.



GEMEENSKAPSNUUS

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 071 658 0336

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke word geneem.

10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

Op en Wakker Dienssentrum vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag

09:00 Kooroefening

Dinsdag

09:00 Bloeddrukke

Woensdag

09:00 Dorp toe

10:00 Voetsorg

Donderdag

10:00 Sosiale program

Vrydag

09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon

Petro Pretorius


082 325 1322



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576



KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Erediens
Kleuterkerk / Deurkol: Bybelmedia
Kategese / Blok 5

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens
Kol: Sending Heilbron / Katkisasie: Les 2
Diensbeurte: Wyk 7 & 1

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
Sondag 10:00 Erediens (Heilbron)
Bevestiging van Kerkraad / VBO Les 2

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREK. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38,
Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag:** Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdiente & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of
Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
Woensdae: 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/
booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Bronnies presteer

Hoërskool Heilbron se laerskool-atlete het verlede Vrydag aan die Laerskool Republiek se atletiekbyeenkoms deelgeneem. Die Bronnies het onderskeidelik 65 plekke behaal, waarvan daar 17 derde plekke was, 20 tweede plekke en 28 eerste plekke. Dit was net pret en plesier om te kon deelneem en die Bronnie-naam hoog te kan

hou. Gedurende die week het die laerskool sowel as hoërskoollede deelgeneem aan die zone kampioenskappe van Heilbron en Koppies skole. Die atlete wat gekwalifiseer het in die dorpsuitdunne, gaan aan die Vaalrivier kampioenskappe deelneem in Sasolburg by die DP de Villiers Stadion. Die gees was hoog en deelname puik. Loer gerus op Hoërskool Heilbron se Facebook-blad vir meer foto's.

Foto's: Hoërskool Heilbron Facebook-blad



Dubbele geluk



Dienssentrum in 'n vrolike luim




Musiek-speletjie het geheers onder die dienssentrumlede hierdie week in Heilbron. Vir elke verkeerde antwoord is die lede gestraf met suur tekkergoed en vir die korrekte antwoord, bederf met 'n Smartie. Dit was baie pret! Die lede wie se musiekkennis goed was, het breed geglimlag na al die lekker soetgoed.

Wat 'n nuwejaarsverrassing! Janice Esterhuizen spog met nie net een wonderwerk nie, maar met twee. Die twee troetelbare babaseuns is op 1 Januarie 2019 gebore. Op die foto verskyn van links Siphesihle, Janice en Siphe Esterhuizen.

Skenk bloed en red drie lewens

Om bloed te skenk is 'n voorreg. Soveel lewens kan daardeur gered word. Elke eenheid bloed wat geskenk word kan 'n minimum van drie lewens red. SANBS streef om 3000 eenhede bloed per dag in te samel om seker te maak daar is genoegsame bloed in die sisteem. Vroeg gebore babas, mense wat in ongelukke betrokke is, kanker en trauma pasiënte, kinders met erge anemie en meer, is almal wat bloed nodig het. Deur jou eenheid van bloed te skenk, gee 'n ander die kans op lewe. Daarom maak SANBS dit moontlik vir Heilbronners om maklik en gerieflik hulle bydrae met bloed te kan maak. Dinsdag, 22 Januarie was SANBS in Heilbron by die NG-Suid kerksaal. Hulle mikpunt vir die dag was 75 eenhede bloed. Die Heilbronners het bygedra met 'n totale 79 eenhede. SANBS kom besoek Heilbron ongeveer elke tweede maand.

Die voorlopige datums vir die jaar wat hulle in Heilbron beskikbaar sal wees: 26 Maart, 28 Mei, 23 Julie, 19 September en 26 November 2019. Enige iemand kan bloed skenk indien hulle 'n gesonde leefstyl het. Gaan besoek gerus die naaste SANBS en maak seker jy skenk jou bloed vir ander.



Pryswenners in Busta Meule kompetisie

Busta Meule het gedurende Desember 2018 'n kompetisie gehou te OK Heilbron. Indien kliënte meel gekoop het kon hulle hul strokie in 'n houer gooi wat hul in aanmerking gebring het vir lekker pryse. 'n Trekking het plaasgevind en die volgende weners het weggestap met kontantpryse: die wenner van die eerste prys is Elias Dlamini, tweede prys Anna Sefatse en Suzan Tsoetso het die derde prys ontvang.



Elias Dlamini (eerste prys) en Johnnie Fourie.



Anna Sefatsa (tweede prys) en Johnnie Fourie.



Suzan Tsotetsi (derde prys) en Johnnie Fourie.

Huis- en Tuinbouklub open die nuwejaar

Die eerste jaarvergadering van die Huis- en Tuinbouklub is by die Windpomp in Heilbron gehou op Woensdag, 23 Januarie. Dit was 'n lekker sonskyn oggend waarmee die lede die nuwe jaar afgeskop het. 'n Gasspreker het die dag kom inkleur met “dinge losmaak, vry wees

en om lief te hê". Liezl Beukes, 'n borrelende persoon - soos sy beskryf word - het kom gesels oor wrokke wat elke dag saamgedra word en die swaar en moeilike dinge wat elke dag saamgesleep word.

Hou die Heilbron Herald dop vir die volgende vergadering datum en reëlins.



Op die foto is: Marlize Swart, Ina Lombard, Carol Snyman en Liezl Beukes.



SPAR
JANUARY
BUDGET
BOOSTER

SPAR
Rewards
 Instant Savings

50% AFSLAG
 - OP JOU INKOPIES -
VIR 20 000
 — KLANTE —

SPAR

EXKLUUSIEF VIR SPAR REWARDS-LEDE. SLUIT VANDAG NOG AAN. DIS GRATIS! www.spar.co.za Vind ons op [f](#) /myspar

SOOS OP TV

Koo
 Gebakte Boontjies
 in Tamatiesous
 (Lite ingesluit)
 410 g

KOOP ENIGE 4 VIR
38⁰⁰

SOOS OP TV

All Gold
 Tamatiesous
 700 ml

21⁹⁹

Liqui Fruit
 100%
 Vrugtesapmengsel
 1 liter

14⁹⁹ elk

SOOS OP TV

Spar-letta
 Sparberry, Creme Soda,
 Pine Nut of Iron Brew
 2 liter

Kry 'n ekstra
R1 af
 x 20


WINKEL PRYS **R13⁹⁹**

Rewards
 lidmaat
 betaal: **R12⁹⁹**

Vir meer besonderhede: www.spar.co.za of in die winkel

Get 10% OFF
when you spend over R300
on canvas prints

Valentine's Day
Canvas Special



*Standard
Canvas Prices*

200x300mm (A4) - R130 400x600mm (A2) - R290
300x400mm (A3) - R190 600x800mm (A1) - R480

All prices are excluding VAT. R25 Setup Cost for all jobs under R500 (excl.). Offer ends 13 February 2019.



Bring your photos on your USB Stick or E-mail us:
heraldgraphics2@heilbron.co.za

058 852 3033

Heilbron Herald

Vaaldam se geheime

Deel 1

• Renè Fourie

In 1942 het Oranjeville dorpie net drie huise gehad. Die van De Kock, Piet Booyesen, Stoffel Steenkamp en dan die nuwe kerk. Vanaf 1960 het Oranjeville uitgebrei met oor die 500 mense. 'n Kafee, 'n Bank, 'n Hotel en vyf ander winkels, twee grofsmede en 'n meule.

Die Vaaldam was gebou in die vroeë 1930's. In 1938 is die dam voltooi. Die projek was gesamentlik hanteer deur Rand Water en Departement van Besproeiing. Die dam is gebou om 'n kapasiteit te hanteer van 2575 miljoen kubieke meter water wat onder normale omstandighede, sonder 'n hoë invloed van water, twee jaar kan water voorsien.

Toe die damwal vir die tweede keer gelig was het 'n hele klomp mense Oranjeville verlaat en was die huise gestroop. Van die families wat getrek het was Kriels, Minnies en du Plessis.

Maar die Vaaldam het 'n geheim. In sy diep donker waters lê die geskiedenis van boere wie se plase onder die waters lê.

In die 1850's het 'n Voortrekker met die naam van Hendrik Adriaan Roets (gebore op 3 Augustus 1824 te Cradock in die Oos-Kaap) hom kom vestig op 'n stuk grond aan die suide van die Vaalrivier. Die plaas was oorspronklik 3000 morg. Roets het met 'n perd sy plaas afgemeeet. Hy was vergesel deur 'n landmeter, soos die gebruik was, om 'n half-uur in elke rigting te ry om die grense van sy plaas te merk. 'n Gedeelte van die plaas is vandag deel van die bestaande eiland van die RAU. Die koses was 'n halfkroon (25 sent) en 'n geweerkolf aan die landmeter vir sy moeite.

Roets was deel van die Slag van Bloedrivier teen die Zoeloes en in Congella se slag het hy deelgeneem teen die Engelse. Hendrik was getroud met die mooi Jacoba Dorothea Christina du Preez (gebore op 19 Februarie 1825 by Somerset Oos - oorlede 6 Februarie 1893 op 67 jarige ouderdom). Kinders uit die huwelik was Susarah Susanna (Sarah) (Vosloo), Aletta Johanna "Letta" (Pistorius), Johan Hendrik Adriaan Roets, Jacoba Dorothea Christina Roets (Cilliers), Anna Francina Roets (Grové), Hendrik Johannes Roets, Dirk Daniel Roets, Jacobus Herclaas Roets en Judith Susara Johanna Roets (de Jager). Hul seun Hendrik Johannes word die eienaar van die plaas Knoppies-fontein waar die Vaaldam muur vandag is. Jacobus Hercules Roets erf die plaas Weltevrede wat 500 morg groot was.

In 1870 word die oorspronklike plaas verdeel. Zandfontein (1562) morge en Cypherfontein (Cyferfontein) (1438 morge). Zandfontein lê aan die oostekant en Cypherfontein aan die westekant. Beide die plase is groot gedeeltelik vandag onder water in die Vaaldam.

Hendrik se twee dogters, Sarah Susanna en Anna Francina, erf onderskeidelik die plase Cypherfontein en Zandfontein by Hendrik met sy afsterwe op 5 April 1897, op 72 jarige ouderdom.

Anna Francina was gebore op 5 September 1857 en sy is oorlede op 7 Julie 1926 in die ouderdom van 68. Sy tree in die huwelik met Roelof Grové wat gebore was op die 8ste April 1857 en oorlede is op 7 Februarie 1920, op 62 jarige ouderdom, as gevolg van asma. Sy hond het die begrafnis optog gevolg en op sy graf gaan lê en dit nooit verlaat nie.

Zandfontein is verdeel tussen hulle sewe kinders (200 morge ongeveer elkeen). Een van die kinders was Martha Catharina Grové, die oudste dogter, wat in die huwelik getree het op 20 jarige ouderdom met die Franse edelman Victor d'Assonville.

Victor was op 21 jarige ouderdom aangestel as Assistent Inspekteur van die Grenswag. Hy was afkomstig van Humansdorp. Sy gebied het gestrek van Viljoensdrif tot by die Wilgerivier, 'n afstand van so 50km. In 1896 breek Runderpes onder die vee uit en dit was Victor se werk om die grense te bewaak. Op



Bernardus Vosloo en Susarah Susanna Roets.



Hendrik Adriaan Roets en Jacoba Dorothea Christina du Preez.



Dr Victor d'Assonville.

hierdie togte het hy die Grové's ontmoet. In 1897, na die plaag van die Runderpes, tree Victor in die huwelik met Martha. Die d'Assonvilles lê die plaas Oase aan en besit ook die ou plaasopstal van Zandfontein. Victor en Marie (Martha) het vir hulle op Oase 'n ruim huis gebou waar hulle elke Nuwejaar gevier het met partytjies tot en met Martha se dood op 4 Maart 1934.

Susarah Susanna Roets, gebore 12 September 1849, tree in die huwelik met Bernardus Vosloo, gebore op die 30ste Augustus 1835. Cyferfontein is herverdeel tussen hulle kinders. Uit die huwelik is Jacoba Dorothea Christina Vosloo, Anna Maria Jacoba (van der Westhuizen), Sara Susanna (van der Westhuizen), Christoffel Bernardus Steyn, Hendrik Adriaan Vosloo, Johan Adam Vosloo, Aletta Johanna (Steenkamp), Anna Christina (Mocke), Christoffel Bernardus Vosloo jnr., Maria Magdalena (Fourie), Anna Francina Johanna (Bezuidehout - Steenkamp - Smit - Pretorius) gebore.

In 1899 breek die Tweede Vryheidsoorlog uit. Roelof Grové, pa van Martha, met sy twee seuns Hendrik (jnr.) en Roelof (jnr.) vertrek na die oorlogsfront. Victor d'Assonville, Roelof se skoonseun, werp ook sy lot by die boere in. Victor val onder die Frankfort Kommando.

Anna Grove probeer in 1900 die boerdery saam met haar dogters behartig. Hulle moes later vlug en wegkruip vir maande tussen walle en bosse van die Vaalrivier. Die Engelse brand Zandfontein se opstal af en hulle vee word gekonfiskeer. Anna en dogters word gevange geneem en op 'n oop trein vervoer vanaf Coalbrook na die konsentrasiekamp by Greenlands.

Sjieling, 'n Mosambiekse mynwerker, het drie geslagte lank vir die Grové's gewerk. In die Grové's se huis was 'n spens wat toegebou was waarin al die proviand gestoor was van die Grové's. Die was ontoeganklik. Sjielings het die spens bewaak terwyl Anna en haar kinders na die konsentrasiekamp gestuur was. Sjielings is op sy oudag kom gevoer deur Anna toe hy bedlënd was. Vir sy getrouheid is hy in die familie begraaft-plaas begrawe.

In 1902 word Roelof as krygsgevangene in Ceylon geplaas. Beide sy seuns het gedien onder Generaal de Wet. Victor d'Assonville word ook later net voor die einde van die oorlog gevange geneem en word slegs Norvalspont toe gestuur.

In 1914 lewer Hennie Vosloo 'n lasbrief af vir Victor d'Assonville, uitgereik deur Generaal De Wet. Victor neem die wapen op by Oase, sy plaas. Een van die grootste krisisse ontstaan in die Afrikaanse Volks-geskiedenis. Die smart wat op die huisgesin gewag het, het onberekenbare skade berokken. Die broedertwis wat 'n eienskap van die rebellie was, het sy nadraai op hierdie stuk Afrikaanse bodem gelaat. d'Assonville moes ses maande lank saam met ander Heilbron-

rebellie in 'n gevangenis in Kimberley deurbring.

Victor en Martha begin eiehandig met behulp van Jim, 'n plaasarbeider, hul klipwoning stuk vir stuk opbou. Die klipwoning het gestaan waar RAU se geboue vandag staan. Die klippe het Victor self gaan kap naby Bloubosbank. Vandag is Bloubosbank onder water aan die suidweste kant van die eiland.

1923 tref 'n baie groot verlies vir Martha en Victor. Aletta Frederika, hul 10 jarige dogter, sterf aan rumatiekkoors in Heilbron.

Word vervolg in deel 2...

Bronne - dankie aan Oranjeville Biblioteek, Onder die Bodem van die Vaaldam, Randwater, Lulu Engelbrecht navorsing, L.C.J. Dreyer se vertelling deur Piet van Rooyen en RAU. Bronne van kinders verkry by Genealogy so ook die fotos en sterfte sertifikate van Roetse.



Kaart van plase Wikiwand.



Sterfsertifikaat van Jacoba Dorothea Christina du Preez (Roets).



Sterfsertifikaat Hendrik Adriaan Roets.

GEKLASSIFISEERD

Small

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eenaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronerherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za
- (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
- (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za
- (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
- (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
- (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
- (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za
- (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat
uitgespreek word in briewe
en rubrieke, is dié van die
individue en weerspieël nie
noodwendig die siening
van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Sa 26 Jan.	17 / 27	40% kans vir donderbuie
So 27 Jan.	16 / 23	41% kans vir donderbuie
Ma 28 Jan.	16 / 24	40% kans vir donderbuie
Di 29 Jan.	15 / 28	29% kans vir oggendbuie
Wo 30 Jan.	16 / 29	56% kans vir donderbuie
Do 31 Jan.	17 / 30	55% kans vir donderbuie
Vr 1 Febr.	16 / 27	52% kans vir donderbuie
Sa 2 Febr.	16 / 29	52% kan vir donderbuie
So 3 Febr.	17 / 31	40% kans vir donderbuie
Ma 4 Febr.	17 / 30	50% kans vir donderbuie
Di 5 Febr.	17 / 27	52% kans vir donderbuie
Wo 6 Febr.	13 / 25	51% kans vir oggendbuie

KENNISGEWING

KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE
In die boedel van wyle **MICHEL ANDRIES BROODRYK**, Identiteitsnommer: 240918 5027 084, wie getroud was binne gemeenskap van goed met **Hendrina Johanna Broodryk**, Identiteitsnommer 311024 0023 089, wat woonagtig was te Sampie Fronemanstraat 12, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 5 September 2018, boedelnommer 008752/2018.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREEËSTRAAT 33 POSBUS 199 HEILBRON, 9650
GEREGISTREERDE OUDITEUR

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-
KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei,
stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Besprek by Elsie Grobler 081 216 6105 of
Magda Bierman 083 292 1503

DIENTE

TREE FELLING
SERVICES

Tree felling, trimming &
removal of trees.
Contact Aron
078 817 5344
K1641

BAAL / SNY
& BAAL

Vir die maak van voer,
vanaf sny tot baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Heilbron
en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@
gmail.com

MADELIEF
SKOONMAAK-
DIENSTE

Professionele stoom-
skoonmaak van u mat-
te, meubels & motors
(bekleedsels & matte)
op Heilbron, asook
omliggende dorpe
en plase.
Slegs kontant.
Skakel: Madelif
082 373 2954 of
058 853 0261 Heilbron
R

BEDANKING



DANKIE HEILBRON
Dankie aan Heilbron se
inwoners vir soveel
liefde en omgee bewys
aan my broer Koos en
Riaan met liefste Jan se
afsterwe. Dankie aan
Koos se wonderlike
bure. Dankie aan Rene
Fourie vir haar puik
diens. Spesiale dank aan
Johnny, Hannalie, Louis
en Carina vir onmidde-
like hulp na die ongeluk.
Dankie aan Heilbron se
NG Predikante en
mediese dokters vir alles.
Dank aan Jan en Riaan
se kollegas vir hul
omgee. Sarie dankie vir
alles wat jy in besonder
gedoen het vir ons en
Jan. Alles getuig van
liefde en omgee.
Koba Boshoff
Bloemfontein
DB

EIENDOMME • EIENDOMME



VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendomme.co.za

ANNELIZE 082 331 9856

HEILBRON

VEGKOP: Baie netjiese 4
slaapkamerhuis met 2 ½ bad-
kamers - nuut oorgedoen.
Ruim woonvertrek met oop-
plan kombuis en aparte
opwas. Sit- en studeerkamer
met baie kaste. Kuiervertrek
met ingeboude braai. Dubbel
motorhuis en dubbel afdak.
Netjiese tuin.
R990 000

VEGKOP: Uiters netjiese 3
slaapkamerhuis met 2 ½ bad-
kamers. Mooi kombuis met
baie kaste en aparte opwas.

Sitkamer, eetkamer. Lekker
kuier lapa en stoep. Veilig
omhein, dubbel motorhuis en
baie afdakke.
R885 000

VEGKOP: Ruim 4 slaap-
kamerhuis met 2 badkamers.
Sitkamer, eetkamer. Ruim
kombuis en aparte opwas-
kamer. Motorhuis vir drie
voertuie.
R885 000

HUISE TE HUUR

• **VEGKOP** - 3 Slaapkamer-
huis met 2 badkamers. Sit-
en eetkamer, kombuis, enkel

motorhuis, enkel afdak.
R4 500 pm

• Baie ruim 4 slaapkamer-
huis, 2 badkamers, sit-
kamer, eetkamer, kombuis,
netjiese tuin en dubbel
motorhuis. Water en
basiese tariewe ingesluit
asook tuindienste.
R6 200 pm

• 4 slaapkamerhuis, sit-
eetkamer, kombuis, enkel-
motorhuis.
R4 600 pm

VERSKEIE GEVESTIGDE BESIGHEDE NOU IN DIE MARK!

TE KOOP



TUPPERWARE
Vir bestellings kontak
Jolandri 079 846 1075
G

ROLSTOEL
PROJEK

Kom help ons om
"bread tags" in te
samel, vir elke 350
kg word 5 rolstoele
geskenk aan be-
hoefteiges. Daar is 'n
houer in Herald Of-
fice National winkel.
As almal saamwerk
word dié 350kg gou-
gou ingesamel.

TE KOOP
GEVRA

Goeie tweedehandse
voertuig in goeie
toestand.
Prysklas ± R40 000
(Verkieslik Toyota)
Skakel Moiloa Pule
066 120 5164
moiloapule6874@gmail.com
G

TE KOOP

Vir die eerste keer
'n forskop wat
nie lek nie!!
Kontak Mr Piet Smith
071 611 2144
R

W RABIE
HERSTEL-
DIENSTE

W Rabie Hersteldienste
skuif na nuwe perseel,
agter die kommando
kantore.
Enige herstelwerk aan
motors, vragmotors.
Skakel
Wynand 084 250 8060
of Raymond 079 582 5066
Open 31 Januarie 2019.
G

TE HUUR
GEVRA

HUUR VAN
KARAVAAN

Soek 'n klein karavaan in
'n baie goeie toestand,
om te huur vanaf
8 Februarie tot
14 Februarie 2019.
Kontak Albert
082 771 3951 of
Fransie 072 672 5865
SKB

HOU HEILBRON
SKOON

Besoek Office National vir 'n spesiale geskenk vir
Valentynsdag.

14 Februarie 2019

Spertyd vir Vrydae se Herald
artikels & advertensies is
Woensdae om 10:00.

Vir enige advertensies en artikels
kontak Jolandri by 058 852 3033

VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies
en diens

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159

U EEN STOP
WINKEL

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u
skryfbehoeftes benodigdhede,
digitale drukwerk,
wye formaat drukwerk,
korporatiewe drag, geskenke,
kantoormeubels, oorpakke,
veiligheidsklere en -skoene,
informele drag
en vele meer.
Kontak ons gerus vir
flinke en
vriendelike diens.

Elsstraat 44
Heilbron

Tel:
058 852 3033
Faks:
058 853 0140

heraldnuus@
heilbron.co.za

Herald

Office
National

VAKANTE BETREKKING

Six Star Milling, Frankfort, beskik tans oor die volgende posisie:

DISTRIBUSIE / VOORRAAD KONTROLEUR

Die posbekleër se verantwoordelikhede sluit die volgende in,
maar is nie beperk tot die take nie:
• Beplanning van verpakking
• Laai van vragmotors
• Tel en beheer van voorraad
• Meganiese onderhoud op masjienerie
• Daaglikse opsomming van syfers
• Toesig oor arbeid
• Hulpverlening aan produksie prosesse
Die geskikte kandidaat moet graad 12 geslaag het en meganiese agtergrond hê. 'n
Verdere voordeel is herstelwerkondervinding in 'n fabrieksopset. Die geskikte kan-
didaat moet ook bereid wees om te help met bystandbeurte, lang ure en naweke te
werk.
Stuur CV na admin@sixstarmill.co.za met die posbenaming waarvoor u aansoek
doen in die onderwerp lyn. Slegs kandidaat wat op die kortlys geplaas word, uit
CV's ontvang, sal genooi word vir 'n onderhoud. Sluitingsdatum vir aansoek is 28
Januarie 2019. Indien u binne 14 dae na sluitingsdatum nie van ons gehoor het nie,
aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

VACANCY

Six Star Milling, Frankfort, currently have the following position available:

DISTRIBUTION / STOCK CONTROLLER

The responsibilities of the incumbent include the following, but are not limited to
the following tasks:
• Daily packing planning
• Loading of trucks
• Stock counting and management
• Machinery mechanical maintenance
• Daily summary of packing figures
• Supervision of labour
• Assistance with production processes
The suitable candidate must have passed grade 12 and have mechanical back-
ground. Maintenance experience in a factory setup will be an advantage. The sui-
table candidate must be willing to assist with standby duties as needed, working
long hours and weekends.

Send CV to admin@sixstarmill.co.za with the position you apply for in the subject
line. Only candidates on the short list, from the CV's received, will be contacted for
an interview. Closing date for applications is 28 January 2019. If you have not
heard from us in 14 days after closing date, your application was unsuccessful.

ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread
tags" in te samel,
vir elke 350 kg word
5 rolstoele geskenk aan
behoefteiges.
Daar is 'n houer in
Herald Office National
winkel. As almal saam-
werk word dié 350kg
gou-gou ingesamel.



AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n
ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegetydig uit die weg te ruim.



Hennie wen plaaslik

Baie gaste in Februarie

Hennie Pretorius het Saterdag 'n welkome terugkeer gemaak na die vakansie en wen die plaaslike kompetisie met 34 punte. Heilbron spelers het Frankfort ook goed ondersteun in die plaaslike Louwid-dag daar. Januarie is maar 'n maand wanneer almal se beursies leeg is na die vakansie. Februarie gaan 'n besige maand wees met twee groepe besoekers wat hier kom kuier. Peter Wales en sy span kom Vrydag 15 Februarie. Hulle sal ongeveer 48 golfers wees. Die Sundowners van die Vaaldriehoek hou hulle jaarlikse kuier op Heilbron die volgende Saterdag. Die



klubkampioenskappe is op 2 Maart. Volgende naweek word daar weer gespeel vir die HBA Monthly Mug en vleispryse is op die spel. Die naweek van 9 Februarie behartig die gholfe die kroeg op Vegkop en sal die kroeg gesluit wees aangesien al die personeel daar betrokke sal wees. Ledegelde is betaalbaar voor einde Februarie. Die putgiespel trekking is reeds gedoen en spelers sal die lys by die klub sien. Wat spel môre betref is dit gewone spel vanaf 12:00. Die money draw staan op R1 250 en sosatie rolle is te koop.

Wilge Hengelklub Nuus

Wilge Hengelklub se eerste kompetisie vir 2019 het plaasgevind op 19 Januarie op die plaas van mnr Steyn. Daar was 'n totaal van 403 vis gevang deur 14 hengelaars. **Die Uitslae is soos volg:** **Juniors:** Dean Tolmay (eerste). **Dames:** Marietjie Kleynhans (eerste), Christa van Wyk (tweede) en Chane du

Plessis (derde). **Seniors:** GP Rossouw (eerste), Frik Breedts (tweede) en Lotie van Wyk (derde). Die volgende kompetisie vind plaas op 9 Februarie 2019. Vir meer inligting kontak GP Rossouw 082 319 9472 of Derick Tolmay 084 586 9113.



Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 29 JANUARIE 2019

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Riaan Oosthuizen 083 309 2341

WOENSDAG - 30 JANUARIE 2019

MEMEL Maandelikse veiling.
Kontak Gideon Bekker 084 512 7628

SASOLBURG - PARYS : CJ ROSSOUW
200 Uitstekende Simmentaler & Simbra-tipe boerbeeste
11:00, Plaas Alfresco, Sasolburg
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

DONDERDAG - 31 JANUARIE 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

BLOEKOMSPRUIT Twee-maandelikse veiling.
Kontak Riaan Oosthuizen 083 309 2341

VRYDAG - 1 FEBRUARIE 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak MJ Lourens 072 515 3549

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za



Registreer om die ANC & EFF koalisie van korrupsie te stop

Verbeel jou dat die regering jou ontnem van die huis waarvoor jy so hard werk om af te betaal...

Die ANC & EFF probeer om hul plan vir die onteining sonder vergoeding van grond, huise, en besighede deur te druk in die Parlement – en nou het die ANC ook planne om jou pensioen te steel! Beide is bevoordeel deur die rooftog wat die bestuur van die VBS op hul eie bank uitgevoer het, terwyl arm mense en bejaardes hul geld verloor het! Verder gebruik die ANC steeds belastingbetalers se geld om Zuma se regskostes te betaal.

Die ANC & EFF koalisie van korrupsie sal ons land vernietig!

Net die DA is groot genoeg om hulle te stop, so moenie jou stem op 'n kleiner party mors nie. Vir tien jaar het die DA by die Grondwethof geveg om te sorg dat Jacob Zuma nou uiteindelik in die beskuldigdebank staan op klagtes van korrupsie. Ons sal aanhou veg om ons Grondwet te beskerm teen die wat ons huise, besighede en pensioene wil vat!

Registreer om DA te stem sodat jy jou reg tot eienaarskap kan beskerm!



FINALE REGISTRASIENAWEEK:

26 & 27 Januarie | 08h00 – 17h00 | Skakel 0861 22 55 32 | Besoek check.da.org.za

Hierdie advertensie is deur die Demokratiese Alliansie betaal.